Die Stemproses oor die Artikel 1 in die Noordelike Sinode

Soos in Noordelike Sinode se nuusblad Die Verskil (14 Oktober 2014 uitgawe) deurgegee

Dringende aandag: Leraars en saakgelastigdes

1. Die **Algemene Sinode se taakspan** oor Artikel 1 vra dat die stemproses van kerkrade en sinodes teen *15 Augustus 2015* afgehandel moet wees vir die Algemene Sinode wat in Oktober plaasvind. (Die eerste van die twee stemprosesse moet teen 15 Mei 2015 afgehandel wees)

2. Die **SDR van die Noordelike Sinode** het besluit op 'n proses vir die uitvoering van die besluit wat daarop neerkom dat daar drie fases gaan wees:
   - ✓ Fase 1 Roadshows wat die proses verduidelik (vierde kwartaal 2014)
   - ✓ Fase 2 Gemeentes en Kerkrade stem (eerste kwartaal 2015)
   - ✓ Fase 3 Sinode stem (In die volgende finansiële jaar 2015)

3. Die **Taakspan van die Noordelike sinode** oor Artikel 1 het 'n paar datums geïdentifiseer wanneer die proses uitgevoer gaan word. Ons gee solank die voorgestelde datums deur alhoewel dit by die volgende SDR gefinaliseer sal word.

   Fase 1: Roadshows wat die proses verduidelik (Ringskommissies, plus ten minste twee persone per gemeente) - Deeglike dokumentasie met riglyne vir die korrekte kerkordelike prosesse sal hier beskikbaar gestel word.
   Maandag 17 November 15:00 - Makhado
   Maandag 17 November 19:00 - Polokwane
   Dinsdag 18 November Oggend/Middag – Nylstroom
   Woensdag 19 November 19:00 - Pretoria
   Donderdag 20 November 19:00 – Rustenburg

   Fase 2: Gemeentes en Kerkrade stem
   25 Januarie 2015: Kerkrade vergader in dié week om die voorstel aan die gemeente te formuleer

   1 Maart 2015: Gemeentes begin stem vir 'n tydperk of by 'n gemeentevergadering

   Einde Maart of in April Kerkrade finaliseer hulle besluit.

   April 2015 Die finale besluit word aan die gemeente bekend gemaak.

   Fase 3 Sinode stem
   Sinode vind plaas in Pretoria wat op Donderdagaand 7 Mei met 'n sosiale geleentheid begin.
   Die Sinodesitting vind plaas op Vrydag 8 Mei van 9:00 - 13:00

4. **Navrae** kan gerig word aan die **taakspanlede**:
   Immanuel van Tonder (immanuel@vantonder.org.za); Petrus Kriel (krielpj@mweb.co.za); Braam le Roux (akleroux@telkomsa.net); Gus Claassen (ngkerk@up.ac.za); of Francois Esterhuizen (francoisest@xsinet.co.za).